Son 11 Okt (Deut 32:2-4) Heilige God, ons wil U Naam roem, ons wil U prys om U grootheid. U is die Rots, U werk is volmaak, alles wat U doen is regverdig, U is die getroue God, sonder onreg. U is regverdig en betroubaar. U onderrig kom na ons soos sagte reënwater, U woorde verkwik ons soos dou, soos sagte reën op die grassies, U is ons God.	V	**Son 18 Okt(Ps 139:17-18)** Aan U, o God, kom alle lof en heerlikheid toe vir al die seëninge waarmee U ons oorlaai en ons lewens verryk. Dankie vir U vrede wat alle verstand te bowe gaan. Dankie vir U inwoning in ons harte, vir die geloof wat U in ons bewerk het, vir die hoop op 'n lewe hierna. Dankie vir U liefde en genade en vir die woordverkondiging op hierdie dag.	V	**Son 25 Okt(Rom1:16)** Ewige God wat self U kerk in stand hou, U is die Skepper maar ook die Een wat herskep. Dankie dat U getrou is en ons altyd nuut maak. Bevry ons van die geneigdheid om altyd af te dwaal en agter vreemde stemme en idees aan te loop. Baie dankie vir ons ryke Protestantse erfenis. Dankie dat ons U in vryheid mag aanbid. Dankie vir die waarheid van U Woord.
Ma 12 Okt(2Kor 2:14-17) Drie-enige God, seën asb die werk wat die getuienis bediening doen om die boodskap van U verlossingsplan wat Jesus volbring het, aan mense wat nog in die duister leef, te bring. Laat die uitreikspanne 'n aangename geur versprei wat mense aantrek en begerig maak om ook U kinders te word. Gebruik die bediening om baie mense te bereik.	O	**Ma 19 Okt(Joh 8:32)** Almagtige God, vir U is niks onmoontlik nie! Ons gee dikwels moed op met mense omdat ons dink dat hulle nooit sal kan verander nie. Dankie dat U nie moed opgee nie. Ons bid vir die Jehova Getuies en ander wat nie glo dat Jesus Christus die Seun van God, die Verlosser en self ook God is nie. U Woord sê die waarheid maak ons vry. Open asb hulle oë sodat hulle die waarheid aangaangde Jesus sal insien en glo	O	**Ma 26 Okt(Titus 2:9-15)** God van barmhartigheid, ons dra vandag die plaaswerkers aan U op en vra dat U hulle en hul gesinne sal seën. Ons bid dat boere moeite sal doen om die evangelie aan hul werkers te bedien en hul sal beywer dat hul dissipels van U word. Laat werkers hul harte vir U gee en lewende getuies van U liefde word. Ons bid ook vir 'n goeie gesindheid tussen boere en werkers.
Di 13 Okt(Ps 18:29-37) Hoe kan ons U bedank, O God, vir al U goedheid en genade! Telkens verstom U ons met die manier waarop U in al ons behoeftes voorsien. Wanneer ons 'n donker doodloopstraat bereik en onsself moeg dink aan 'n uitkoms en tevergeefs rond tas, tel U ons saggies op en sit ons neer waar dit lig en veilig is. Ons harte loop oor van dankbaarheid teenoor U. Baie dankie, Here!	L	**Di 20 Okt(Ps 71:18)** Here, dankie vir al ons lidmate en familie wat U geseën het met 'n hoë ouderdom. Dankie vir hulle kennis en wysheid waarby ons soveel kan leer. Seën asb alle bejaardes wie se leeragte kwyn. Skenk aan hulle vreugde en vrede in hulle omgang met U. Troos en bemoedig hulle deur die beloftes in U Woord. Help hulle om te volhard in die geloof en laat U genade vir hulle genoeg wees.	L	**Di 27 Okt(Eks 15:22-27)** Here, dankie dat ons met alles wat ons kwel na U toe kan kom. Ons bid vir die wêreldwye waterkrisis wat ons tans beleef. Siektes wat deur onveilige drinkwater opgedoen word,eis die dood van baie mense. Maak elke mens bewus van die verantwoordelikheid wat ons het om water spaarsaam te gebruik en nie te besoedel nie. Leer ons ook maniere hoe om water koste-effektief te suiwer.
Woe 14 Okt(Fil 1:6) Voleinder van ons geloof, maak ons asb standvastig sodat ons sal bly by die gesonde leer en die waarheid. Help ons om te volhard op die pad en die geloof, al is die aanslae van die bose hoe heftig.Dankie dat U die goeie werk wat U in ons begin het end-uit sal voer en al die pad by ons sal wees totdat U dit voleindig met die wederkoms.	H	**Wo. 21 Okt(2Tim 1:7)** Skepper, herinner ons elke dag daaraan dat ons beelddraers van U is en dat ons nie deur ons gedrag'n verkeerde beeld aan die wêreld durf uitdra nie. Laat ons naby aan U leef sodat ons harte nie afdwaal nie. Help ons om nie oneerlik sake te doen, of toe te gee aan versoekings nie. Vergewe ons dat ons verkeerde dinge afmaak as nie so ernstig nie. Bewaar ons van die bose en vernuwe ons denke.	H	**Wo 28 Okt(Jak 4:10)** Vader, ons bely dat ons dikwels hoogmoedig is en in ons binneste dink dat ons beter as ander is. Ons is jammer daaroor. Reinig ons ook van alles wat uitvloei uit ons hoogmoed, dinge soos arrogansie, aggressiwiteit, ydelheid, eiebelang, magsbeheptheid. Leer ons die nederigheid en sagmoedigheid van Jesus.
Do 15 Okt(Fil 1:27-2:4) Here Jesus, dankie vir die voorreg om deel van U kerk te kan wees. Verwyder asb alle onderlinge getwis en struweling. Laat ons in volkome eensgesindheid saamstry vir die geloof in die evangelie, aangespoor deur U liefde en ondersteun deur die gemeenskap van die Gees. Laat ons niks uit selfsug of eersug doen nie, maar ander hoër ag as onsself.	A	**Do. 22 Okt(Jer 1:5)** Here, wanneeer U ons as gewone mense roep omdat U ons wil gebruik om betrokke te raak by geloofsdade, is dit dikwels nie goed wat ons self sou uitgedink het nie. U ken ons huiwering en vrees. Daarom dank ons U dat U ons altyd gerus stel en verseker dat U met ons sal wees. Lei ons asb om die regte besluite te neem en help ons om U stem tussen ander stemme te ken.	A	**Do 29 Okt(Lied 522)** Here, baie dankie dat U ons altyd toerus wanneer U vir ons 'n opdrag gee en dat U altyd by ons is in U liefde en trou. Gee asb vir ons 'n vaste gees en insig vir ons dagtaak. Maak ons inskiklik teenoor ons naaste sodat ons in harmonie kan saamwerk. Laat U vrede oor ons harte en gedagtes waak.
Vry 16 Okt(Matt5:3-5) Leermeester, wees asb met elke onderwyser en opvoeder. Die probleme waarmee hulle te doen kry, is moeilik en veeleisend om te hanteer. Gee asb vir hul die wysheid om teenoor elke individuele kind sodanig op te tree dat hul die kinders nie skade sal aandoen nie maar hul sal ondersteun en aanmoedig. Gee asb vir die leerkragte geduld, gesondheid en moed vir hul belangrike taak.	R	**Vry 23 Okt(Mark 5:6, Jes 54:17)** Ons Vader, daar is so baie faktore en invloede wat ons gesinne en huwelikke probeer vernietig – ou wonde, pynlike herinneringe, verslawings, sondes. Leer ons asb dat dit nie nodig is om ons probleme alleen deur te worstel nie. Laat ons in ons hartseer na U toe hardloop en U aanbid. U is die Een wat genesing kan bring. Seën asb ons gesinne, in Jesus se Naam.	R	**Vry 30 Okt(Spr 14:26, Hand 2:39)** Here God, U weet van alles wat in die wêreld aangaan, ook van die bose planne wat mense maak. Ons voel soms bekommerd wanneer ons hoor aan gerugte dat kinders geteiken gaan word om as seksslawe gebruik te word vir die 2010-gebeure in ons land. Ons vertrou ons kinders aan U toe. Beskerm hulle asb na liggaam en gees. Dankie dat U getrou is en hulle sal bewaar.
Sat 17 Okt(Matt 12:18-21, Matt 10:16-25) Here, ons wat U in vryheid aanbid, dink nie aldag aan die christene wie se lewens in gevaar is omdat hulle in Jesus glo nie. Ons bid vandag vir die vervolgde kerk. Wees asb met hulle wat dit waag om die evangelie te verkondig in lande waar U nie erken en gedien mag word nie. Ons bid vir christene se veiligheid, vir volharding in geloof en vir moed en krag. Ons bid ook vir die redding van die wat hulle vervolg.	D	**Sat 24 Okt(Mark 2:4)** Here, baie dankie vir ons leraars wat hulle beywer vir die uitbreiding van die Koninkryk. Baie dankie dat hule ten spyte van probleme en struikelblokke doelgerig voortgaan om mense na Jesus toe te bring. Gee asb elke dag vir hulle die moed en die krag om te volhard, selfs al moet daar 'n gat deur 'n dak gebreek word om 'n deurbraak vir 'n verlorene te kry.	D	**Sat 31 Okt(Gen 12:2-3)** Drie-enige God ons bid dat U die kerk as kinders van Abraham sal seën sodat al die nasies deur die kerk geseën sal word. Ons bid dat die kerk sy roeping sal verstaan en dat U Gees aan ons die wysheid sal gee om die kragtige werking van U mag te begryp. Laat ons besef watter hoop U roeping inhou.